Biblioteekbronne en –dienste vanaf 8 September 2020

Inhoud

1. Terugbesorging van boeke 1
2. Uitleen van boeke 2
3. Skandeerdiens 2
4. Interbiblioteeklenings (IBL) 2
5. Bespreek ‘n besoek 3
6. Dienste en toegang tot e-bronne gaan aanlyn voort 3
   - 6.1. Kontak ons 3
   - 6.2. Toegang tot e-bronne (elektroniese databasisse, tydskrifte en biblioteekkatalogus) 4
   - 6.3. Aansoeke: Ooptoegangspublikasiefonds 4
   - 6.4. Aanlyn bystand deur Fakulteitsbibliotekarisse 4
   - 6.5. Navorsingsteundienste 4
   - 6.6. #SmartResearcher-werkswinkels 5

1. Terugbesorging van boeke

Die terugbesorgingsdatum van biblioteekboeke is na 14 Augustus 2020 verander. Daarna kan boeke aanlyn hernu word om die uitleentydperk verder te verleng indien gebruikers dit nie kan terugbesorg nie.

In die tussentyd is dit moontlik om boeke terug te besorg deur dit in die boekposbusse by die biblioteekingange te plaas. Indien jy nie in die nabye toekoms terugkeer kampus toe nie, pos (geregistreerde pos met opsporingsnommer) of koerier asb. die boeke na die Biblioteek- en Inligtingsdiens. Gebruik die volgende adresse:

Posadres vir geregistreerde pos:
Universiteit Stellenbosch Biblioteek- en Inligtingsdiens
Privaatsak X5036
Stellenbosch
7599

Fisiese adres vir koeriers:
Universiteit Stellenbosch Biblioteek
Victoria- & Ryneveldstrate
Stellenbosch

2. Uitleen van boeke

Personeel en studente wat na die biblioteke toe kan kom mag items via Ask a Librarian of die volgende telefoon- / e-poskontakbesonderhede aanvra:

Universiteit Stellenbosch Biblioteek	021 808 4883	jsg_uitl@sun.ac.za
Ingenieurs- en Bosboubiblioteek	021 808 4978	ing_bib@sun.ac.za
Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe Biblioteek	021 938 9159	genbib@sun.ac.za
Musiekbiblioteek	021 808 2337	mus_bib@sun.ac.za
Teologie Biblioteek	021 808 3252	kwe_bib@sun.ac.za
USBB (Bellvilleparkkampusbiblioteek)	021 918 4273/4	lmb2@sun.ac.za

Biblioteekpersoneel sal die aangevraagde boeke van die rak haal. Die student of personeellid sal per e-pos in kennis gestel word van die datum en tyd wat hy/sy die boeke by die Biblioteek mag kom uitneem. Afsprake sal met 30 minute intervalle gemaak word om sosiale afstand te verseker. ‘n Alternatiewe afspraak mag per kerende e-pos gereël word indien die bespreekte datum en tyd ongeleë is.

Neem asb. kennis dat toegang tot die biblioteke slegs moontlik is met ‘n afspraak om boeke/ander items op te tel soos vooraf met biblioteekpersoneel gereël of met ‘n bevestigde bespreking vir een van die dienste/fasiliteite/bronne wat op die besprekingskalenders van die biblioteke beskikbaar gemaak is.

3. Skandeerdiens

Alle personeel en geregistreerde studente mag vra dat gedrukte artikels of hoofstukke uit boeke gratis geskandeer en per e-pos aangestuur word.

Hierdie diens mag via Ask a Librarian of die volgende telefoon-/ e-poskontakbesonderhede aangevra word:

Universiteit Stellenbosch Biblioteek	021 808 4883	jsg_uitl@sun.ac.za
Ingenieurs- en Bosboubiblioteek	021 808 4978	ing_bib@sun.ac.za
Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe Biblioteek	021 938 9159	genbib@sun.ac.za
Musiekbiblioteek	021 808 2337	mus_bib@sun.ac.za
Teologie Biblioteek	021 808 3252	kwe_bib@sun.ac.za
USBB (Bellvilleparkkampusbiblioteek)	021 918 4273/4	lmb2@sun.ac.za

4. Interbiblioteeklenings (IBL)

Buiten die aanvra van e-artikels en hoofstukke uit boeke, is dit nou ook moontlik om gedrukte materiaal via Interbiblioteeklenings aan te vra.

Voltooi asb. die IBL-aanvraagvorm op die biblioteekwebtuiste. Ons sal ons bes prober om die materiaal op te spoor. Soos voorheen, sal artikels en hoofstukke uit boeke per e-pos gestuur word.

Sodra gedrukte materiaal beskikbaar is, sal jy per e-pos in kennis gestel word van die datum en tyd wat jy na die Biblioteek mag kom om die IBL-boeke uit te leen. Afsprake sal gemaak word met 30 minute intervalle om sosiale afstand te verseker. ‘n Alternatiewe afspraak mag per kerende e-pos gereël word indien die bespreekte datum en tyd ongeleë is.

5. Bespreek ‘n besoek

Bespreek ‘n besoek aan die US Biblioteek

- Doen navorsing/studeer in die Biblioteek
- Gebruik ‘n biblioteekrekenaar in die Leersentrum (ingesluit drukwerk)
- Gebruik ‘n biblioteekrekenaar in die Navorsingsruimte
- Gebruik ‘n biblioteekrekenaar naby die Uitleentoonbank (ingesluit drukwerk)
- Gebruik Spesiale Versamelings (Africana, Beskermde Versamelings en Dokumentesentrum)

Bespreek ‘n besoek aan die Ingenieurs- & Bosboubiblioteek

- Uitleen en terugbesorgings
- Studeer/Doen navorsing in die Biblioteek (Bring jou eie toestel)
- Gebruik ‘n biblioteekrekenaar
- Druk, kopieer & skandeer
- Gebruik Nie-uitleenbare materiaal, bv. tydskrifte, naslaanmateriaal, ens.

Bespreek ‘n besoek aan die Geneeskunde & Gesondheidswetenskappe Biblioteek

- Uitleen en terugbesorgings
- Studeer/Doen navorsing in die Biblioteek (Bring jou eie toestel)
- Gebruik ‘n biblioteekrekenaar (area naby die ingang)
- Druk, kopieer & skandeer

Bespreek ‘n besoek aan die Musiekbiblioteek deur ‘n e-pos te stuur of 021 808 2337 te skakel

- Uitleen en terugbesorgings
- Studeer/Doen navorsing in die Biblioteek (Bring jou eie toestel)
- Gebruik Reserwemateriaal
- Gebruik ‘n biblioteekrekenaar
- Gebruik Domus
- Druk, kopieer & skandeer

Bespreek ‘n besoek aan USBB (Bellvilleparkkampusbiblioteek)

- Uitleen en terugbesorgings
- Studeer/Doen navorsing in die Biblioteek (Bring jou eie toestel)
- Gebruik ‘n biblioteekrekenaar (area naby die ingang)
- Druk, kopieer & skandeer

Neem asb. kennis dat toegang tot die biblioteke slegs moontlik is met ‘n afspraak om boeke/ander items op te tel soos vooraf gereël met biblioteekpersoneel of met ‘n bevestigde bespreking vir een van die dienste/fasiliteite/bronne wat op die besprekingskalenders van die biblioteke beskikbaar gemaak is.

Bykomende dienste/fasiliteite/bronne sal op ‘n later stadium, wanneer al die nodige reëlings in plek is, op die besprekingskalenders beskikbaar gemaak word.

6. Dienste en toegang tot e-bronne gaan aanlyn voort

6.1. Kontak ons

Jy kan die Biblioteek vir hulp kontak deur ons aanlyn verwysingsdiens, Ask a Librarian, en op Twitter en Facebook. Fakulteitsbibliotekarisse kan per e-pos vir inligtingsdienste gekontak word.

6.2. Toegang tot e-bronne (elektroniese databasisse, tydskrifte en biblioteekkatalogus)

Die Biblioteek se elektroniese hulpbronne bly ten volle toeganklik deur die Biblioteek se webwerf, op kampus en elders. Afkampusgebruikers sal gevra word om met hul kampusgebruikersnaam en wagwoord in te teken. Indien enige probleme met wagwoorde ondervind word, raadpleeg die gids Off-campus access for Stellenbosch registered users en/of kontak IT vir bystand.

Rapporteer probleme wat met elektroniese databasisse en tydskrifte ervaar word aan die Bestuurder: E-bronne.

Raadpleeg asseblief die gids COVID-19: Resources in different subject areas that are freely available during lockdown vir inligting oor gratis e-bronne wat deur uitgewers beskikbaar gemaak word.

6.3. Aansoeke: Ooptoegangspublikasiefonds

Hierdie diens gaan voort soos gewoonlik, onderhewig aan die beskikbaarheid van fondse. Enige navrae kan aan die Bestuurder: E-bronne gerig word.

6.4. Aanlyn bystand deur Fakulteitsbibliotekarisse

Kontak die Fakulteitsbibliotekarisse per e-pos vir inligtingsdienste of enige ander bystand. Hulle kan individuele sessies met kliënte hê deur middel van Microsoft Teams, sou diepgaande bystand nodig wees. Bystand sluit in dienste soos bibliometriese dienste, boekbestellings, opleidingsmateriaal op SUNLearn vir studente, ens.

Navrae kan ook via Ask a Librarian gerig word en die biblioteekgidse kan geraadpleeg word vir hulp vir spesifieke departemente of inligting oor navorsingsteun.

6.5. Navorsingsteundienste

Die volgende reëlings is in plek vir alle navorsingsteundienste:

Vir enige navrae oor **Navorsingsdatabestuur**, inligting oor databestuursplanne of die oplaai van data na SUNScholarDATA, besoek asb. die NDB-webblad, SUNScholarData biblioteekgids, of kontak die Bestuurder: Navorsingsdatadienste of rdm@sun.ac.za.

Vir alle navorsingsnavrae met betrekking tot **Spesiale Versamelings** (Africana, Beskermde Versameling en die Dokumentesentrum), kontak asb. die Hoof: Spesiale Versamelings, maak gebruik van Ask a Librarian, of bespreek ‘n besoek om Spesiale Versamelings te gebruik.

Vir hulp met toegang tot items soos tesisse en proefskrifte of navorsingsartikels in **SUNScholar**, kontak asb. scholar@sun.ac.za.

Vir hulp met die **selfargivering** van jou navorsingsuitsette in SUNScholar, kontak asb. die Digitale Akademieskap Bibliotekaris.

Vir hulp met tydskrifbestuur op **SUNJournals**, kontak asb. die Digitale Akademieskap Bibliotekaris.

Die Bestuurder: Navorsingsimpakdienste kan bystand verleen met generiese navorsingsondersteuning soos gevorderde bibliometriese dienste, unieke outeuridentifikasie met behulp van ORCID, raad oor publikasie en hoe om jou impak as navorser te vergroot.

Vir bystand met **algemene navorsingsondersteuning**, soos verwysings en verwysingsbestuur, en die formatering van tesisse en proefskrifte, kan jy die Hoof: Navorsingsruimte kontak.

6.6. #SmartResearcher-werkswinkels

Geskeduleerde Biblioteekwerkswinkels gaan voort in die vorm van webinare (deur middel van Adobe Connect of Microsoft Teams) of opnames waar 'n webinaar nie moontlik is nie. Kliënte kan voortgaan om te registreer vir hierdie werkswinkels en die betrokke personeellede sal inligting deel oor hoe om by die aanlyn werkswinkels in te skakel.